



Hofsake of Mediasie?

Die eerste Bondsvergadering het homself verbind tot die **proses van mediasie** om die geskille tussen die Selfstandige gemeentes en die NHKA by te lê. Die alternatief is om in die moerasland van regsdinge betrokke te raak. Indien dit die enigste manier is vir geregtigheid om te seëvier, dan moet dit gebeur. Dit gaan net lank neem en is baie duur. Intussen moet alle alternatiewe ondersoek word om hierdie saak tot almal se tevredenheid te skik. Die verslag wat aan die Bondsvergadering voorgehou is, bewys dat mediasie vir alle partye voordelig gaan wees. Die Skietlood nooi u om die verslag te lees en self te besluit of u saamstem dat alle pogings tot vrede nagestreef moet word.

Daar is tans reeds 8 sake tussen die NHKA en ander partye.

HOFSAKE:

1. Die eerste saak is op 19 Aug 2011 ingestel teen die NHKA deur die Hervormde Kerkvereniging. (let wel, nie steeds Hervormers nie)

Die Hervormde Kerkvereniging bestaan uit lidmate (geen predikant is 'n lid van hierdie vereniging nie.) Die aansoek is gebring om die hof te vra vir 'n verklarende bevel dat besluit 54 van die 69ste AKV van die NHKA nietig is omdat die besluitnemingsproses *ultra vires* was. Die NHKA het aangedui dat hulle die aksie teenstaan en het kort daarna 'n eksepsie geliasseer dat die Hervormde Kerkvereniging nie *locus standi* het om hierdie aksie in te stel nie. Hierdie eksepsie is op die **ongegronde bewering** gemaak, dat deur lidmaatskap van die Hervormde Kerkvereniging te aanvaar, het lidmate die "kontrak" tussen hulleself en die NHKA gerepudieer, en is hulle nie meer lidmate nie. Hierdie eksepsie is intussen **deur die NHKA teruggetrek in Sept 2012. Tot op hede het die NHKA nog GEEN beantwoordende stukke geliasseer nie.** Dit is nou reeds 2 jaar sedert die saak aanhangig gemaak is en die NHKA het nog geen positiewe stap geneem om hierdie saak teen te staan nie. Die vraag moet gevra word of hulle nie in staat is om die bewerings van 'n nietige proses te antwoord nie. In hierdie verband moet daar net daarop gewys word dat dit nie binne die

bevoegdheid van 'n predikant, 'n AKV of ander "besluitnemers" lê om te besluit (of te stem!) oor die regspraak of 'n besluit of proses *ultra vires* was nie. Die vraag na *ultra vires* is 'n regspraak.

2. Die tweede saak is deur ds JJ Steenkamp gebring teen die NHKA in Mei 2012.

Hierdie dringende aansoek is gebring op grond van 'n **onregmatige dissiplinêre optrede deur die Kommissie** teen onder andere ds Jaap Steenkamp. Op die dag wat die dringende aansoek aangehoor moes word, het die verskillende partye tot 'n **ooreenkoms** gekom dat **ALLE dissiplinêre stappe teen ALLE predikante oorgehou sou word** tot na afhandeling van die eerste saak (hierbo genoem) en dat die NHKA die voorstel deur ds JJ Steenkamp se regsvertegenwoordigers, dat daar mediasie moet plaasvind tussen die verskillende partye, sou oorweeg. Die rede waarom dissiplinêre stappe oorgehou sou word, was omdat indien die hof sou bevind dat die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69ste AKV wel *ultra vires* was, en derhalwe nietig, alle dissiplinêre stappe op grond van besluit 54/69 ook nietig sou wees (onkerkordelik). Deurdat die NHKA selfs hierna, nie enige beantwoordende stukke geliasseer het nie, **wys daarop dat die NHKA nie erns maak** om hierdie geskil op te los nie.

3. Die derde saak is 'n aksie wat ingestel is deur 3 verenigings, naamlik Saamstaan, Gemeenskap van gelowiges -Grootvlei en Theresapark teen die NHKA in Julie 2012.

Hierdie aksie is ingestel deur die 3 verenigings om 'n verklarende bevel van die hof te vra dat die oordrag van die eiendomme aan die betrokke vrywillige verenigings deur die gemeentes van Pta-Tuine, Theresapark en Grootvlei, regsgeldig was. Hierdie aksie is gebring omdat **die ring van Pretoria-Noord, vroeg in Julie 2012 dreigende prokureursbriewe aan die 3 gemeentes gerig het** ten opsigte van die oordrag van die eiendomme. Daar is ook reeds vroeg in Julie 2012 kennis geneem dat die NHKA 'n sogenaamde "litigasie komitee" aangestel het om sake namens die NHKA oor die eiendomme te dryf. Persberigte tot

hierdie effek het dan ook reeds in Julie 2012 tot hierdie effek verskyn. Dit alles is besluit nog **voordat** die Kommissie van die NHKA, volgens ooreenkoms 'n besluit oor mediasie sou neem op 3 Aug 2012. Dit was dus reeds baie kort nadat die voorstel tot mediasie gerig is aan die NHKA, duidelik dat hulle nie daartoe bereid was nie. In hierdie saak het die NHKA ook 'n eksepsie geliasseer dat die geskilpunte (naamil die regsgeldige oordrag van eiendom aan die verenigings) niks met die eisers (die verenigings) te doen het nie! Dit is hierdie eksepsie wat telkens op die rol geplaas word – ten spyte van die feit dat die advokate 'n ooreenkoms gehad het dat die eksepsie slegs geplaas sal word op 'n datum wat beide pas. Ten spyte van wysigings op die pleitstukke om die NHKA se besware in die eksepsie te akkommodeer, word die eksepsie telkens weer op die rol geplaas.

4. Die vierde saak was weer 'n dringende aansoek wat deur ds JJ Steenkamp teen die kommissie van die AKV van die NHKA gebring is op 8 Jan 2013.

Ds Jaap Steenkamp het geen ander keuse gehad as om hierdie 2de dringende aansoek te bring nie. Ten spyte van die ooreenkoms wat bereik is in Junie 2012, tussen die verskillende regsvertegenwoordigers van die NHKA en ds Steenkamp, het die Kommissie van die AKV van die NHKA voortgegaan met dissiplinêre stappe teen dr Johan Otto, dr Malan Storm en ds Johan Mouton. Mnr Eben Griffiths, prokureur van die NHKA, het op navraag oor die voortgesette dissiplinêre optrede deur die Kommissie van die AKV van die NHKA, die onderneming gegee dat gemelde optrede **nie dissiplinêr van aard was nie**. Twee weke later is ds Mouton “ontheff” uit sy amp. Hierna is ds JJ Steenkamp ook opgeroep vir verdere gesprekke onder hoofstuk 8 van die Kerkorde. (Hoofstuk 8 handel oor dissipline). Tydens die aanhoor van die aansoek het die NHKA se advokaat aan die hof voorgedra dat die gesprek met ds Steenkamp geensins onder dissipline val nie en dat dit bloot 'n **liefdevolle gesprek** met die moderamen was in die normale loop van die uitoefening van hulle bevoegdghede. Daar is trouens aan die hof voorgedra dat die moderamen nie oor die bevoegdheid beskik om ENIGE gesprekke te voer met betrekking tot dissipline nie! Die hof het beslis dat aangesien die gesprek met ds Jaap Steenkamp nie dissiplinêr van aard was nie (volgens die NHKA), ds Steenkamp

kon besluit of hy die gesprek wou bywoon of nie. Op advies van sy regsman het ds Steenkamp besluit om nie die gesprek by te woon nie. Die hof het ook uitdruklik bevind dat ds Steenkamp se *bona fides* (goeie trou) aanvaar word en dat dit baie moontlik was dat hy die aard van die gesprek verkeerd kon verstaan, maar dat die hof die NHKA se verduideliking aanvaar dat 'n gesprek met die moderamen niks met dissipline te doen het nie.

5. Die vyfde saak is 'n aansoek wat die NHKA en gemeente Welgelegen teen gemeente Oostelike Pietersburg gebring het in Jan 2013, om gemeente Oostelike Pietersburg te stop om hulle eiendom oor te dra aan 'n vrywillige vereniging.

Aangesien dit baie duidelik was dat gemeente Welgelegen se predikant meened gepleeg het in die hofstukke en dit 'n ernstige verleentheid veroorsaak het vir gemeente Welgelegen, het die 2de applikant (naamil gemeente Welgelegen), onttrek uit hierdie aansoek. Gemeente Welgelegen moes egter koste aanbied, en aangesien die NHKA volgens 'n besluit van die litigasie komitee / kommissie van die AKV, ingestaan het vir die regskoste van gemeente Welgelegen, is die koste van hierdie terugtrekking deur Welgelegen, **nou deur die NHKA betaalbaar**. Die rekening van gemeente Pietersburg-Oos se regsman, wat 2 prokureurs en 'n senior advokaat insluit, word tans getakseer, maar sal waarskynlik in die omgewing van **R150 000** beloop. Die NHKA is dus aanspreeklik vir regskoste van R150 000 aan Oostelike Pietersburg se regsman, sonder dat daar nog 'n hofverskyning was. Geen beantwoordende stukke is nog in hierdie saak deur Oostelike Pietersburg geliasseer nie, omdat 'n aansoek teen die NHKA gebring is om sekuriteit in die bedrag van R150 000 te stel en om alle relevante dokumente bloot te lê. Die NHKA staan hierdie aansoek teen. Ten spyte van hierdie versoek om blootlegging en stel van sekuriteit, het die NHKA desnieteenstaande die saak op die rol geplaas. In die lig van die konsolidasie aansoek wat gebring is deur al die relevante partye, asook die aansoek wat hierin vervat is dat R150 000 sekuriteit gestel word, en dat alle relevante dokumente in die argief beskikbaar gemaak moet word, was die NHKA verplig om hulle voortydige plasing van die aansoek op die rol te verwyder.

6. Die sesde saak is 'n aansoek wat die NHKA en gemeente Meyerspark gebring het teen die Meyerspark Christelike vereniging, in Maart

2013, om teruggawe van die eiendom wat deur die oorspronklike gemeente Meyerspark aan die vereniging geskenk is.

In hierdie saak is die eedsverklarings namens die NHKA, somer deur ds Hannes van der Merwe gemaak! Die eedsverklarings, gemaak deur ds van der Merwe in hierdie saak en die eedsverklarings gemaak deur dr Frikkie Labuschagne, namens die NHKA in die Pietersburg-Oos saak is bykans dieselfde, alhoewel dit in 2 verskillende tale is! Geen beantwoordende stukke is nog in hierdie saak deur Meyerspark Christelike vereniging geliasseer nie, omdat 'n aansoek teen die NHKA gebring is om sekuriteit in die bedrag van R150 000 te stel en om alle relevante dokumente bloot te lê. Die NHKA staan hierdie aansoek teen. Ten spyte van hierdie veroek om blootlegging en stel van sekuriteit, wou die NHKA desnieteenstaande die saak op die rol plaas. In die lig van die konsolidasie aansoek wat gebring is deur al die relevante partye, asook die aansoek wat hierin vervat is dat R150 000 sekuriteit gestel word, en dat alle relevante dokumente in die argief beskikbaar gemaak moet word, was die NHKA verplig om hulle voortydige plasing van die aansoek op die rol terug te hou.

7. Die sewende saak is 'n aansoek wat deur die NHKA en gemeente Koster gebring is teen Diamantvereniging op 25 Junie 2013, om teruggawe van die eiendom wat deur die oorspronklike Koster gemeente geskenk is aan die vereniging.

Ook in hierdie saak is 'n aansoek om die stel van sekuriteit in die bedrag van R150 000, asook blootlegging van alle relevante dokumente gebring. Ds Johan Mouton het 'n saak teen die NHKA aanhangig gemaak by die CCMA, op grond van sy **onregmatige opheffing uit sy amp**. Hierdie saak het alreeds 2 keer voor die kommissaris gedien. Die eerste keer het die kommissaris die NHKA gewaarsku dat hulle hulle posisie in heroorweging moet neem, voordat die saak geplaas word. Die tweede keer is die saak aangehoor, maar partye is gestuur om te gaan medieer. Die kommissie van die AKV het geweier om te medieer en die saak is weer geplaas om deur 'n kommissaris aangehoor te word. Ds Johan Mouton het om strategiese redes besluit om die saak by die KVBA terug te trek. Hy is tans besig om sy regsposisie te oorweeg.

8. Op 4 Julie 2013 bring al die partye in bogenoemde sake 'n aansoek teen die NHKA en Meyerspark gemeente.

In hierdie aansoek word die volgende van die hof gevra:

9.1 Dat die NHKA verplig moet word om met al die relevante partye te medieer en dat die mediator aan die hof moet terug rapporteer met aanbevelings.

9.2 As alternatief, of wanneer die mediasie proses afgehandel, is word die volgende bevele gevra:

9.2.1 Dat die 2 aansoeke van Oostelike Pietersburg en Meyerspark vir verhoor verwys word,

9.2.2 dat alle sake gekonsolideer word in een verhoor,

9.2.3 dat die eksepsie *sine die* uitgestel word,

9.2.4 dat alle dokumente in die argief van die NHKA blootgelê word,

9.2.5 dat sekuriteit vir koste gestel word in die sake van Pietersburg-oos en Meyerspark en

9.2.6 dat alle beantwoordende verklarings en dies meer oorgehou word totdat die NHKA en gemeente Meyerspark sekuriteit vir koste gestel het.

9.3 Indien die sake nie gekonsolideer word nie, vra die applikante dat die hof

9.3.1 die NHKA verplig om bloot te lê,

9.3.2 die respondent verplig om koste vir sekuriteit te stel en

9.3.3 dat Oostelike Pietersburg en Meyerspark vereniging nie pleitstukke hoef te liaseer alvorens bogenoemde 2 vereistes nie nagekom is nie.

Die NHKA staan hierdie konsolidasie aansoek teen. Volgens die normale hofreëls moet hulle binne 15 hofdae, nadat die respondent aangedui het dat hulle die aansoek gaan teenstaan, hulle beantwoordende stukke liaseer.

Let ook daarop dat die Kerkorde van die NHKA nie vir 'n sogenaamde litigasie komitee voorsiening maak nie. Die Kerkorde maak wel vir 'n Raad vir Regsadvies voorsiening, wat veronderstel is om alle regsaspekte namens die AKV te hanteer. Die Kerkorde bepaal verder dat lede van die Kommissie van die AKV nie op enige ander rade of komitees mag dien nie. Let ook daarop dat GEEN predikant, wat nie 'n lid van die Kommissie van die AKV is nie, gemagtig is om finansiële verpligtinge namens die NHKA aan te gaan nie. Geen predikant kan ook enige regshandelinge namens die NHKA aangaan, tensy hy as lid van die Kommissie van die AKV, daartoe gemagtig is nie.